Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 277 — KAAPSTAD, 15 JULIE 1988 — CAPE TOWN, 15 JULY 1988 — No. 11414

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1397. 15 Julie 1988

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 92 van 1988: Wysigingswet op Rekenmeesters en Ouditeurs en Finansiële Instellings, 1988.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1397. 15 July 1988

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 92 of 1988: Accountants' and Auditors' and Financial Institutions Amendment Act, 1988.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, ten einde die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad te magtig om die naam van 'n rekenmeester en ouditeur wat aan onbehoorlike gedrag skuldig bevind is, op 'n bepaalde wyse bekend te laat maak; en ander voorsiening te maak met betrekking tot die erkenning van diens onder 'n leerkontrak wat verrig is vóór die datum waarop die leerkontrak by die raad vir registrasie ingedien is; tot wysiging van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, ten einde die bepalings van artikel 8 van toepassing te maak ten opsigte van 'n inspeksie ingevolge artikel 6 van die Wet; aan die registrateur van 'n finansiële instelling 'n plig op te lê en 'n bevoegdheid te verleen om sekere inligting wat deur die registrateur verkry word as gevolg van die toepassing van die bepalings van laasgenoemde Wet, aan daardie raad en 'n sekere likwidateur voor te lê; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 6 Julie 1988.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 21 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 47 van 1956, artikel 5 van Wet 30 van 1962, artikel 3 van Wet 68 van 1965, artikel 8 van Wet 53 van 1975, artikel 7 van Wet 91 van 1979, artikel 1 van Wet 48 van 1984 en artikel 1 van Wet 51 van 1985**

1. Artikel 21 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, word hierby gewysig deur paragraaf *(g)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* (i) om gedrag wat onbehoorlike gedrag deur 'n rekenmeester en ouditeur wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is, uitmaak, die wyse waarop 'n aantyging of klagte van onbehoorlike gedrag ondersoek en, indien nodig, verhoor moet word, en die strawwe, met inbegrip van 'n boete, skrapping uit die register, beperkte tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie, skorsing van praktyk vir die tydperk wat die raad bepaal, 'n waarskuwing of 'n berisping, wat na so 'n ondersoek of verhoor deur die raad opgelê kan word, voor te skryf;

(ii) om in 'n tydskrif of ander publikasie in paragraaf *(h)bis* vermeld, of in die openbare pers, die naam bekend te laat maak van 'n rekenmeester en ouditeur wat soos in subparagraaf (i) bedoel, verhoor is, en ten opsigte van wie die raad enige van die volgende strawwe opgelê het, te wete, skrapping uit die register, beperkte, tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie of skorsing van praktyk vir 'n tydperk deur die raad bepaal;".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

---

# ACT

**To amend the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951, so as to authorize the Public Accountants' and Auditors' Board to cause to be made known in a specified manner the name of an accountant and auditor who has been found guilty of improper conduct; and to make different provision with regard to the recognition of service under articles which was rendered before the date on which such articles were lodged with the board for registration; to amend the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, so as to apply the provisions of section 8 in respect of an inspection in terms of section 6 of the Act; to confer and impose upon the registrar of a financial institution a power and a duty to submit to that board and a certain liquidator certain information obtained by the registrar as a result of the application of the provisions of the latter Act; and to make provision for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 6 July 1988.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 21 of Act 51 of 1951, as amended by section 7 of Act 47 of 1956, section 5 of Act 30 of 1962, section 3 of Act 68 of 1965, section 8 of Act 53 of 1975, section 7 of Act 91 of 1979, section 1 of Act 48 of 1984 and section 1 of Act 51 of 1985**

**1.** Section 21 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951, is hereby amended by the substitution for paragraph *(g)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(g)* (i) to prescribe conduct constituting improper conduct by an accountant and auditor registered in terms of this Act, the manner in which an allegation or a charge of improper conduct shall be investigated and, if necessary, heard, and the punishments, including a fine, removal from the register, qualified, temporary or permanent disqualification for registration, suspension from practice for such period as the board may determine, a caution or a reprimand, which may be imposed by the board after such an investigation or hearing;

(ii) to cause to be made known in a journal or other publication referred to in paragraph *(h)bis*, or in the public press, the name of an accountant and auditor who has been heard as contemplated in subparagraph (i), and in respect of whom the board has imposed any of the following punishments, namely, removal from the register, qualified, temporary or permanent disqualification for registration or suspension from practice for a period determined by the board;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**Wysiging van artikel 24 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 47 van 1956, artikel 2 van Wet 64 van 1957, artikel 7 van Wet 30 van 1962, artikel 5 van Wet 68 van 1965, artikel 11 van Wet 53 van 1975 en artikel 2 van Wet 48 van 1984**

**2.** Artikel 24 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**[Geen]** Behoudens die bepalings van subartikel (3) word geen diens onder leerkontrak aangegaan na die inwerkingtreding van hierdie Wet **[word]** vir die doeleindes van hierdie Wet erken nie tensy sodanige leerkontrak by die raad geregistreer is, en geen leerkontrak word aldus geregistreer nie tensy die persoon by wie diens daaronder verrig moet word die toestemming van die raad verkry het om 'n klerk onder leerkontrak in diens te neem, en bedoelde toestemming word nie verleen nie tensy die raad oortuig is dat daardie persoon, hetsy vir eie rekening of in vennootskap, daadwerklik in die Republiek openbare praktyk beoefen van so 'n aard dat die klerk algemene praktiese opleiding en ondervinding van voldoende omvangryke aard sal geniet en tensy daar aan die raad—"; en

(*b*) deur in subartikel (3) die woorde wat die eerste voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die dienstydperk onder die dienskontrak is vyf jaar bereken vanaf die datum waarop sodanige leerkontrak by die raad vir registrasie ingedien word, of vanaf so 'n vroeër datum **[maar hoogstens drie maande vroeër]** as wat die raad in 'n besondere geval mag gelas:".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 38 van 1984**

**3.** Artikel 6 van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die bepalings van artikels 4 **[en]**, 5 en 8 is *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n inspeksie van toepassing.".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 38 van 1984**

**4.** Artikel 8 van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord "en" aan die einde van paragraaf (*a*) van subartikel (1) te skrap;

(*b*) deur die woord "en" aan die einde van paragraaf (*b*) van subartikel (1) in te voeg; en

(*c*) deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:

"(*c*) indien die registrateur rede het om te glo dat iemand wat in die hoedanigheid van ouditeur van 'n finansiële instelling opgetree het, nie aan die bepalings van subartikel (3) van artikel 26 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), voldoen het nie, kan die registrateur 'n afskrif van die verslag van 'n inspekteur wat die sake van sodanige instelling geïnspekteer het asook enige ander inligting met betrekking tot die sake van sodanige finansiële instelling wat deur hom verkry is as gevolg van die toepassing van hierdie Wet, stuur aan die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ingestel deur artikel 2 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951;

(*d*) indien die registrateur van oordeel is dat 'n verslag van 'n inspekteur wat die sake van 'n finansiële instelling geïnspekteer het of dat enige inligting wat deur die registrateur verkry is as gevolg van die toepassing van hierdie Wet die likwidateur van sodanige instelling kan help om sy pligte uit te voer, sy werksaamhede te verrig of sy bevoegdhede uit te oefen met betrekking tot die likwidasie van sodanige instelling, kan hy aan daardie likwidateur 'n afskrif van sodanige verslag of sodanige inligting voorlê.".

**Kort titel**

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Rekenmeesters en Ouditeurs en Finansiële Instellings, 1988.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Amendment of section 24 of Act 51 of 1951, as amended by section 9 of Act 47 of 1956, section 2 of Act 64 of 1957, section 7 of Act 30 of 1962, section 5 of Act 68 of 1965, section 11 of Act 53 of 1975 and section 2 of Act 48 of 1984**

**2.** Section 24 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**[No]** Subject to the provisions of subsection (3) no service under articles of clerkship entered into after the commencement of this Act shall be recognized for the purpose of this Act unless such articles have been registered with the board, and no articles shall be so registered unless the person with whom service is to be performed thereunder has obtained the consent of the board to engage a clerk under articles, which consent shall not be given unless the board is satisfied that such person is actively engaged in the Republic, either on his own account or in partnership, in public practice of such a character as to ensure that the clerk will obtain a sufficiently wide and general practical training and experience and unless there has been lodged with the board—"; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding the first proviso of the following words:

"(3) The period of service under articles shall be five years commencing on the date on which such articles are lodged with the board for registration or on such earlier date **[not being more than three months previously]** as the board may in any particular case direct:".

**Amendment of section 6 of Act 38 of 1984**

**3.** Section 6 of the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, is hereby amended by the substitution of subsection (2) for the following subsection:

"(2) The provisions of sections 4 **[and]**, 5 and 8 apply *mutatis mutandis* in respect of such an inspection.".

**Amendment of section 8 of Act 38 of 1984**

**4.** Section 8 of the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the word "and" at the end of paragraph *(a)* of subsection (1);

*(b)* by the insertion of the word "and" at the end of paragraph *(b)* of subsection (1); and

*(c)* by the addition to subsection (1) of the following paragraphs:

"*(c)* if the registrar has reason to believe that any person who acted in the capacity of auditor to a financial institution did not comply with the provisions of subsection (3) of section 26 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), the registrar may send a copy of the report by an inspector who inspected the affairs of such institution as well as any other information with regard to the affairs of such financial institution obtained by him as a result of the application of this Act, to the Accountants' and Auditors' Board established by section 2 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951;

*(d)* if the registrar is of the opinion that a report of an inspector who inspected the affairs of a financial institution, or that any information obtained by the registrar as a result of the application of this Act, may assist the liquidator of such institution to carry out his duties, to perform his functions or to exercise his powers with regard to the liquidation of such institution, he may submit to that liquidator a copy of such report or such information.".

**Short title**

**5.** This Act shall be called the Accountants' and Auditors' and Financial Institutions Amendment Act, 1988.